



OKTOBER 2018
STEENVRUGPRODUKSIE

GROND

'n Deklaag kan gebruik word wanneer grondtemperatuur voldoende is en die eerste noemenswaardige besproeiing aangewend word. Die deklaag sal die temperatuur en grondvog buffer, dus moet daar seker gemaak word dat die korrekte toestande gebuffer word. Die deklaag moet nie teen boomstamme geplaas word nie, want dit kan toestande vir patogeen-infestasië bevorder. (Die deklaag kan vroeër in droër seisoene aangewend word om sodoende die wintervog te bewaar.)

Grondvoorbereiding kan vanaf Oktober gedoen word, solank die grondvog korrek is. Hierdie vog status is dieselfde as die "1-5" graderings soos beskryf in die besproeiing afdeling van die September Tydige Wenke. Ons kan swaarder gronde voorberei op 'n "3" en sanderiger grond teen 'n "3 en 4" gradering.

Belangrike punte voor grondvoorbereiding kan plaasvind:

- Plante, ou wortels, ou strukture, dreine, ou besproeiingslyne, rante, ens. moet uit die area verwyder word.
- Enige ashopies wat agtergebly het ná plantmateriaal verbrand is, moet platgevee en versprei word, sodat die as nie net in spesifieke areas gekonsentreer is nie.
- Enige ou paaie binne die gebied moet opgebreek word om kompaksië te verminder. Grondmonsters moet apart van hierdie paaie geneem word en hier moet die grond ook apart verbeter word.
- 'n Sistemiese onkruidodder kan gebruik word om onkruid te dood.
- Wend ameliorante volgens u grondkundige se aanbevelings aan.


Daar is twee vername opsies vir implemente wat gebruik kan word vir die grondvoorbereidingsaksies: 'n meng- en 'n skeur-implement. Afhangende van die grondtoestande en die gewas wat gevestig moet word, word verskillende tegnieke aanbeveel. Oor die algemeen kan hierdie aksies as volg beskryf word:

- Die **losmaak-aksie** word oor die algemeen aanbeveel as die aanvanklike aksie om die grond los te maak voor 'n meng-aksie geïmplementeer word. 'n Skeurploeg word gewoonlik gebruik.

- Die **meng-aksie** maak voorsiening vir die meng van die grondhorisonne om die grond fisies meer uniform te maak. Dit help om die toegediende ameliorante tot op 'n spesifieke diepte te inkorporeer en die grond ook chemies uniform te maak.

Voor grondvoorbereiding plaasvind, moet die volgende punte altyd eers oorweeg word:

- Grond moet slegs teen die korrekte grondvoggehalte bewerk word. Hierdie vlak lê tussen veldwaterkapasiteit en die onderste plastisiteitsgrens. Prakties gesproke kan mens die korrekte grondvoginhoud toets. Die grond sal 'n bal



vorm wanneer mens dit in jou hand saamdruk en dit sal krummel wanneer dit liggies met die duim gedruk word. Sandgronde kan effe natter wees as kleigronde, maar nadat die grondmonster gedruk is, moet geen water in die hand agterbly nie.

- Verseker dat die aanvoorwydte tussen die aksies 2/3 van die werkdiepte is. Deur die toepassing van hierdie beginsel sal die grond regoor die totale gebied voorberei wees. 'n Groter aanvoorwydte sal lei tot kolle grond wat nie losgemaak en chemies reggestel is nie.
- Indien die grond in twee rigtings bewerk word, moet hierdie aksies altyd teen 'n hoek van 30-40° tot mekaar wees, met die finale aksie in 'n afdraande rigting.
- Moet nooit dieper as wat aangeraai is, werk nie, en moet nooit toelaat dat die klei die grondoppervlak bereik nie.
- Maak altyd seker om tydens grondregstelling en -voorbereiding tot by die rande van die blok te werk. As dit nie gebeur nie, kan dit lei tot swakker prestasie van gewasse aan die rand van die blok.
- Ná grondvoorbereiding mag geen voertuie op wiele oor die grond ry nie.

Hierdie basiese beskrywings is vir die produsent se onthalwe en vervang nie die grondkundige se evaluering of aanbevelings nie. Die uitvoering van die verkeerde aksie kan die grondpotensiaal vir verbouing van vrugtegewasse drasties verminder.

BESPROEIING

- Hou aan om die grondvog te monitor soos in die September uitgawe van Tydige Wenke beskryf.
- Wees bewus van die fenologiese stadiums van die kultivars op u plaas. Die kritieke tydperk vir selvergroting is vanaf pitverharding tot 3 weke vóór oes. Inkorrekte besproeiing in hierdie tydperk sal lei tot kleiner vrugte met suboptimale interne kwaliteit. Die pitverhardingsperiode is minder sensitief vir beheerde waterstres.

VOEDING

- K moet vir vroeë kultivars, veral nektariene, beskikbaar wees. Die tydperk met die hoogste vraag na K is dieselfde as die kritieke besproeiingstydperk. Dit is hoekom K-beskikbaarheid in baie gevalle verkeerdelik geblameer word as die oorsaak van klein vrugte, wat dan lei tot groter K-toedienings die volgende jaar, sonder 'n noemenswaardige impak op vruggrootte. Die teenoorgestelde is ook waar indien K gebrekkig maar besproeiing optimaal is.
- Voldoende N moet nou ook beskikbaar wees. Kies die korrekte bron van N:
 - LAN is baie goed vir sand- en kleigronde. Ureum moet nie op sandgrond gebruik word nie. Kalsiumnitraat loog maklik uit en moet slegs op sandgronde gebruik word as Ca vir (verbeterde interne gehalte) en moet eerder meer gereeld in kleiner paaimente aangewend word (tweeweekliks).
- Verander misstofbesproeiing na konvensionele korrelkunsmis indien die grondvog nie die vereiste besproeiing toelaat nie.

SOMERSNOEI

Die beginsels van somersnoei is soos volg:

Mens sou graag in groei wil belê waar mens dit wil hê en waar dit dan die energie van fotosintese in vrugvergroting omskep eerder as in houtproduksie. Somersnoei spreek nie net hierdie behoefte aan nie, maar verbeter ook die ligbestuur in die boom sodat die blare, veral blare naby die vrugte, voldoende lig kan onderskep om tot hulle volle potensiaal te fotosintetiseer. Oordeelkundige somersnoei is 'n kuns en as dit goed

uitgevoer word, kan dit 'n noemenswaardige verskil in steenvrugproduksie teweeg bring.

Perskes en Nektariens

Die somersnoei van perskes en nektariene fokus op die beheer van groeikragtige waterlote, waarna daar in Engels verwys word as “leaky pipes”.

Hulle word so genoem omdat hulle baie van die boom se energie wat deur fotosintese geproduseer is, verbruik. Die hoof doelwit van somersnoei van perskes en nektariene is om soveel as moontlik van hierdie energie in vruggroei eerder as in houtproduksie te belê.

Die volgende word aanbeveel:

- Twee weke voor oes, of net voor Kersfees – wat ook al eerste kom – moet al die eenjarige lote dikker as 'n breinaald teruggesny word tot 'n 10 cm-lange tappie. Dit sal vir 'n wyle keer dat die lote groei en die energie word dan aan die vrugte geallokeer. Dit help ook met ligbestuur en veral met die kleurontwikkeling van nektariene ens. Waar somersnoei goed uitgevoer is, sien ons 'n verbetering in vruggrootte en die suikerinhoud van vrugte wees, aangesien die ligbestuur soveel beter is.
- Die kelk van die boom, veral aan die basis, moet vry van alle nuwe waterlootgroei gehou word. Om die meeste van hierdie groei, en groei hoër op, volkome te verwyder, kan dit ook kort gehou word deur tappies tot 10cm terug te sny.
- In jong bome wat nog die ruimte wat aan hulle toegeken is moet vul, is dit belangrik om die groeipunte van die sylote vanuit die sentrale of geslote kelk leiers uit te knyp sodat die terminale loot dominant bly. Dit sal moontlik 'n paar keer tydens die somer gedoen moet word.

Appelkose

Appelkose is spoordraers en dra op tweejarige hout. Mens wil soveel eenjarige hout as moontlik skep wat in volgende jaar se drae-eenhede omskep kan word. Daar word aanbeveel dat alle appelkose twee weke voor oes, gesnoei word deur alle eenjarige lote van breinaalddikte en dikker terug te sny tot 'n 10cm tappie. Ná oes sal hierdie lote 'n bietjie hergroei gee. Hulle kan vir die wintersnoei gelos word, wat vir appelkose sal wees wanneer die bome blom.

Pruime

Daar is reeds baie gedebatteer oor die somersnoei van pruime en daar is seker meer as 10 resepte daarvoor in die veld, terwyl baie konsultante ook hulle eie resepte het. Die volgende word aanbeveel:

- Vir soorte met 'n wilgerboom groeiwyse, soos Pioneer en Laetitia, kan 'n dubbele somersnoei oorweeg word: verwyder die sterk, regop eenjarige lote twee weke voor oes om die bome 'n sogenoemde "haircut" te gee deur eenjarige lote van breinaalddikte en meer tot 'n 20cm lange tappie terug te sny.
- Vir spoordraers soos Sapphire, en ook variëteite wat neig om blinde hout te produseer: snoei twee weke voor snoei deur alle eenjarige lote van breinaalddikte en dikker tot 'n 20cm lange tappie te sny.

Alle Pruime: Vir alle pruime wat oormatige groeikrag toon, word aanbeveel dat al die baie sterk, potlooddikte en dikker eenjarige lote so gou as moontlik ná oes tot 2 cm tappies teruggesny word. Hierdie lote moet veral verwyder word as hulle ná die oes steeds groei. Mens loop die risiko dat lootgroei gestimuleer word, maar in my ervaring, indien die tappies kort genoeg is, kom hergroei nie normaalweg voor nie en die energie vanaf fotosintese gaan dan in die opbou van reserwes vir die volgende jaar in eerder as in houtproduksie.

PLAE EN SIEKTEBEHEER

- Die kultivars van alle steenvrugte wat laat blom is nou in die fenologiese stadiums van ontwikkeling soos in die September "Tydige Wenke" aangedui. Verwys asseblief na hierdie dokument vir inligting oor die strategieë wat toegepas moet word m.b.t. plae en siektes, gegewe die spesifieke fenologiese stadiums van ontwikkeling.
- Soos die vrugte rypheid nader, moet mens baie bewus wees van die belangrikheid van nakoming van die vereiste onthoudings-periode om te verhoed dat chemiese reste bespeur kan word op vrugte wat vir die uitvoer- en binnelandse markte bestem is.
- Buiten witroes, blaaspootjie, OVM, VKM, vrugkalander, bruinroes, sproetsiekte en gomvlek moet die volgende ook in ag geneem word:
 - **Die VKM Virus Cryptex is geregistreer op alle steenvrugte.** Dit moet 10 tot 14 dae na 'n spits van motte in lokvalle gevang teen 'n koers van 60ml/Ha aangewend word. En moet daarna 14 daaglik teen 35ml/Ha, totdat die infestasië onder beheer, is herhaal word. Dié virus moet laat-middag of saans (weens UV-sensitiwiteit) aangewend word, om te help met die virale lading en die VKM aktiwiteit te onderdruk. Alle VKM hulpmiddels, insluitend die virus, is baie pH sensitief en moet in die 5 tot 8 area onderhou word vir optimale doeltreffendheid.

- **Verderflike dopluis – Perskes, nektariene en pruime.** Hierdie moet basies in die dormante wintertydperk beheer word wanneer daar min impak op roofvlyende sal wees en die blaarloose boom waar die dopluis voorkom, beter bedek sal word. Indien dit nodig sou wees om 'n behandeling in die somer aan te wend, kan die onlangs geregistreerde produk Closer 240 SC @ 12ml/hl by 100% blomblaarval aangewend word en ses weke later herhaal word. Hierdie tydsberekening is daarop gemik om soveel dekking van die houtagtige boomstruktuur te verkry voor die lower te dig word. Die onthoudingsperiode op perskes en nektariene is 14 dae vir beide plaaslike en uitvoergebruik en op pruime is dit 14 dae vir plaaslike markte en 35 dae vir uitvoervrugte. Hierdie aanwending van Closer sal ook groen perske luise beheer. Die geregistreerde dosis op plantluise is 5ml/hl.
- **Vrugtevlieg – Alle Steenvrugte.** Maandelikse gebruik van lokaas moet dwarsdeur die winter gedoen word (Mei tot Augustus inklusief), ongeag wat in die lokvalle voorkom. In September en Oktober moet 'n lokaastoediening elke twee weke gedoen word. Vir die tydperk vanaf November tot April moet die lokaas weeklikse toegedien word. Spatbehandelings moet vroeg in die oggend plaasvind. In gevaarpunte (“hotspots”) op plase (tuine om huise) moet die intensiteit van lokaasgebruik verdubbel word – tweeweekliks in die winter en weekliks in die lente. Wanneer lokaas gebruik word, is dit van kritieke belang om 1L/Ha van lokmiddel per aanwending van aas te gebruik. Hymelure OF Loklure teen 'n 2L/hl, gemeng met 175ml/hl merkaptotion en aangewend teen 50L/Ha van oplossing, verskaf die 1L/Ha. Die pH van die wateroplossing moet gebuffer word tot 4.5 tot 5.5 vir die optimale doeltreffendheid van die merkaptotion (*Mercaptothion*). Wanneer GF120 nader aan die oestyd aangewend word, is die tempo weer 1L/Ha van GF120 in 10 tot 20L spuitoplossing/Ha. Hoe laer die volume van die water, hoe beter werk dit. Afwisselende rye moet gespat word sodat daar effektiewelik een kant van elke boom benat word wanneer lokaas gebruik word. Die spat moet op die boonste derde van die bome gerig word, met die onderkante van die blare wat benat word.
- **Na-oes bederf – Alle Steenvrugte.** Wend 80ml/hl Indar 21 dae voor die verwagte oes teen *Monilinia* (bruinvrot) aan. Indar het 'n uitvoer-onthouding periode van vyf dae en een dag vir plaaslike gebruik. Wend 2L/Ha Protector drie dae voor oes teen *Botrytis* en *Monilinia* aan. Die onthoudingstydperk vir plaaslike en uitvoerverbruik is 3 dae. Indien die weer aanleiding kan gee tot bederf, moet mens oorweeg om eerder 2L/Ha Tutor 3 dae voor oes aan te wend, wat sal werk teen *Botrytis* en *Monilinia*, sowel as *Rhizopus* onderdruk. Tutor het 'n onthoudingstydperk van 3 dae vir beide plaaslike en uitvoermarkte.

Tydige Wenke bydraers:

Grond, Besproeiing, Voeding	Somersnoei	Gewasbeskerming
Mico Stander Grondkundige Agrimotion 021 851 1051	Peter Dall Tegniese konsultant Peter Dall Consultancy 028 272 9671	Andrew Hacking Tegniese konsultant Ad Lucem Agricultural Services 021 880 1905

VRYWARING: Hortgro Science en die span Tydige Wenke bydraers het alles in hul vermoë gedoen om inligting so akkuraat moontlik oor te dra. Derhalwe word geen aanspreeklikheid aanvaar vir die gebruik van hierdie inligting nie.